

# Woensdag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium  
18:9-14

Fokusgedeelte: Deuteronomium  
18:13

## **Ek glo alleenlik in God my Skepper – Hy wat sy verbond in stand sal hou**

Reeds in Genesis 15:16 word van die ongeregtheid of boosheid van die mense wat in Kanaän woon, gepraat – en dat dit 'n perk gaan bereik wanneer God hulle gaan straf. God wat lewe gee, is geregtig om lewe te neem. Meer as 400 jaar later word vir ons in Deuteronomium 18 vertel wat hulle ongeregtheid ingehou het en dat die straf van God deur die volk van God self uitgevoer moet word.

Heidense godsdienste is selfgerig. Die verskriklike ongeregtheid of boosheid wat daar plaasvind, gaan daaroor dat mense deur hierdie rituele die gode vriendelik teenoor hulle wil stem, asook teen hulle vyande laat optree – soos ons ook sien in voorvaderaanbidding. Die boosheid van menslike selfsug en van Satan self wat daaragter sit (1 Kor. 10:19-20), kan gesien word in die afskuwelike praktyke wat die Kanaäniete ter wille van hulle eie voorspoed gedoen het. Dit wat eerste genoem word (Deut. 18:10), is dat die mense hulle eie kinders geoffer het. Vandag gebeur dit steeds dat miljoene mense hulle hulpelose kindertjies laat sterf ter wille van hulle eie voorspoed – nou net meer gesofistikeerd in aborsieklinieke. “Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen” (Deut. 18:14). Die Here waarsku sy volk (en ons) om nie na hierdie meningsvormers met hulle okkultiese praktyke te luister nie. Luister met 'n opregte hart en verstand na die Here jou God (Deut. 18:13). Sien dinge soos God dit aan ons openbaar en nie soos wat mense dinge verkondig en 'n houvas op mense kry nie. In plaas van selfsug kan ons seker wees ons behoort aan Hom wat ons geskep en herskep het, en kan ons opreg voor ons Here godvrugtig lewe.

*Sing: Psalm 36-1:1-3*

*Prof. HG Stoker (Henk) (Teologiese Skool Potchefstroom)*